Swartstraat 5 • Lichtenburg • 2740

Tel: 018 632 3612/3624/2987
E-pos: marlize@agrinw.co.za • hessie@agrinw.co.za • wanda@agrinw.co.za

AGRI NW

14 Januarie 2026

**MEDIAVRYSTELLING: BEK-EN-KLOUSEER**

Ons as Agri NW, lede en leierskap, is saam met elke boer, baie bekommerd oor die groot toename in verdagte gevalle van besmetting in ons Provinsie. Ons is ook baie bekommerd oor die Staat se ywer en effektiwiteit om die situasie te hanteer en veral die onvermoë om baie goeie maatreëls wat reeds lank terug ontwikkel en onderhandel is, te implementeer.

Met hierdie verklaring wil ons graag duidelik maak dat die hantering van Bek-en-Klouseer asook veediefstal nie binne die mandaat van Agri NW val nie, maar ons wil dit ook baie duidelik maak dat ons, ter wille van ons lede, nie onverskillig kan en sal wees in die hantering van die uitdagings nie. Ons respekteer die rol van bedryfsorganisasie asook die spesifieke bedryf vaardighede in elke organisasie maar is ook realisties dat daar tans groot frustrasie en bekommernis onder produsente is oor dit wat in die praktyk gebeur. Daarom het georganiseerde landbou, provinsiaal en nasionaal vanuit die staanspoor ons hulp aangebied om inligting te versprei en staan ons gereed om op enige moontlike manier behulpsaam te wees om die probleem te help bekamp.

Ons is ook baie bekommerd dat daar, soos met alle uitdagings, groepe is wie oplossings sien in die verdeling van stemme en hulself toespits op sensasie, dreigemente en kritiek. Dit is duidelik dat sekere groepe daarop fokus om vir elke voorgestelde oplossing ‘n probleem of twee te hê. Agri NW sal, soos altyd, krities wees maar ook daarna streef om opbouend en oplossings gedrewe te wees. Ons versoek ook graag ons lede om realisties te kyk na uitsprake van almal en dit te meet aan sinvolle en werkbare oplossings wat wel bereik word.

Agri NW is konstant in kontak met alle bekende rolspelers wat ons glo, verligting kan bring vir die krisis wat ons lede beleef. Ons het ook versoeke gerig aan ons nasionale verteenwoordigers om dringend met landbou organisasies en banke te vergader om die finansiële implikasies op boere, as gevolg van hierdie krisis, te bespreek en oplossings daarvoor te vind. Ons sal aanhou om op alle vlakke te fokus op die probleem en samewerking in uitvoering van oplossings te bring.

**Vir navrae kontak:**

Naudé Pienaar
**Uitvoerende hoofbestuurder: Agri NW**
082 776 8283

Dagbestuur

**President:** Daan van der Merwe – 083 453 9706
**Vise-President:** Gideon van Zyl – 082 944 0600
**Vise-President:** Sarel Pretorius – 082 375 4197
**Uitvoerende hoofbestuurder:** Naudé Pienaar – 082 776 8283